Verwysing: 20210517-3059
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: G Ismail

e-Leer-minuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en onderwysers van alle gewone openbare en spesiale skole

Onderwerp: Bygewerkte riglyne oor selfone en ander mobiele tegnologie in gewone openbare en spesiale skole

1. Ter ondersteuning van die e-Leer-Spelwysiger, lewer die Wes-Kaap Onderwysdepartement die bygewerkte riglyne oor die gebruik van selfone en ander mobiele tegnologie in gewone openbare en spesiale skole. Die riglyndokument dien om skole te help om hul eie beleid met betrekking tot die gebruik van selfoon en mobiele toestelle te formuleer en te implementeer. **(Kyk Bylae A: Bygewerkte Riglyne)**

2. Die bygewerkte riglyne verwys na die voorheen gepubliseerde riglyne via DEL-minuut 0005/2018 van 09 Mei 2018. Die vorige weergawe kan afgelaai word by die volgende skakel:https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning-guidelines-and-workbooks.

3. Die doelwit van die riglyndokument is om die volgende leiding aan skole te bied:

3.1 Om insig en bewustheid oor party van die geleenthede wat deur selfone en mobiele tegnologie binne die leeromgewing van die skool aan onderwysers, leerders en ouers gebied word.

3.2 Die potensiële voordele en risiko's geassosieer met die implementering en gebruik van mobiele tegnologie binne die skoolomgewing.

3.3 Om die trefwydte van leer en toeganklikheid, wat met die gebruik van selfone en mobiele tegnologie in die leeromgewing gepaardgaan, te versterk.

3.4 Om gewone openbare en spesiale skole te help om hul eie beleide te ontwikkel ten einde die gebruik van selfone en mobiele tegnologie in skole te bestuur.

3.5 Om insig te bied oor kuberveiligheidsrisiko's en mitigasie.

3.6 Om duidelikheid te gee oor die rolle en verantwoordelikhede van die skool, onderwysers en leerders wanneer hulle mobiele tegnologie in die skoolomgewing gebruik.

4. Kontak asseblief u e-Leer-distriksadviseur via die volgende skakel indien u enige navrae het: https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning/elearning-contact-your-elearning-advisor.

5. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-05-19